NASIONALE WATERWET, 1998 **WET NO 36, 1998**

GRONDWET VAN DIE WYNLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING

1 NAAM VAN VERENIGING

Die naam van die Vereniging is **die Wynland Watergebruikersvereniging (hierna die "Vereniging" genoem).**

2 TOEPASSING VAN DIE NASIONALE WATERWET VAN 1998 OP GRONDWET

Hierdie grondwet is onderhewig aan die bepalings van die Nasionale Waterwet, 1998, (Wet 36 van 1998) (hierna "die Wet" genoem) en in besonder Hoofstuk 8 daarvan, asook Bylae 4 van die Wet soos van tyd tot tyd gewysig deur die Minister van Waterwese en Bosbou, (hierna verwys as "die Minister") welke Bylae 4 as Aanhangsel 4 aangeheg is.

3 DOELSTELLINGS EN BEDRYFSGEBIED VAN DIE VERENIGING

3.1 Die doelstellings van die Vereniging is om binne sy bedryfsgebied:

(a) (i) Toe te sien tot die voorsiening, verdeling en beheer van rou water vanaf die Theewaterskloofdam-Staatswaterskema, deurmiddel van 'n pyplyn vanaf die Blaauwklippen-tonneluitlaat.

(ii) Rou water uit die Eersterivier, stroomaf van die Kleinplasiedam, en by die samevloei van die Plankenburg- en Eersteriviere te onttrek, deurmiddel van 'n waterkanaal.

(iii) Deur die verspreidingsnetwerk te beheer, te bestuur en te onderhou.

(iv) Staatswaterwerke te beheer, te bestuur en te onderhou indien en wanneer hierdie pligte en werksaamhede in terme van Artikel 115 saamgelees met Artikel 63 van die Wet deur die Minister aan die Vereninging oorgedra word.

(b) Deur middel van waterwerke onder beheer van die Vereniging, rou water aan persone wat ingevolge artikel 22(1) van die Wet op die gebruik daarvan geregtig is, beskikbaar te stel met so min versteuring as moontlik aan die natuur.

(c) In die algemeen toe te sien dat persone water neem en gebruik ooreenkomstig die watergebruiksmagtigings soos in artikel 22(1) van die Wet bepaal word.

3.2 Die bedryfsgebied van die Vereniging:

(a) die bedryfsgebied van die Vereniging sluit alle eiendomme in ten opsigte waarvan enige persoon kragtens artikel 22(1) van die Wet die gebruiksreg op water wat onttrek word uit waterbronne en/of werke wat onder beheer van die Vereniging is.

(b) enige ander waterbron binne die opvanggebied. onder die beheer van die Vereniging, wat deur die Departement van Waterwese en Bosbou of **deur die verantwoordelike gesag** vereis mag word om deur die Vereniging beheer te word.

(c) **Die bedryfsgebied van die Vereniging is geleë in die Bergrivier Waterbestuursgebied Nr. 19 in die Wes-Kaap Provinsie.**
Die bedryfsgebied sluit in die gebied tussen die Jonkershoek- en Stellenboschberge, Helderberg, die noordelike grens van Somerset-Wes dorp, en die N2 Nasionale Pad,die Oostelike grense van Eersterivier-,Kuilsrivier-, Brackenfell-, en Kraaifontein dorpe, oor die N1 Nasionale Pad tot by die Noordelike grense van die plase Herculus Pilaar 1242 en Zanddam 479, die Oostelike grens van Zanddam 479 tot by Klapmutskop verder na Skurweberg, en daarvandaan in 'n Suidwestelike rigting tot teen die Noordelike grens van Stellenbosch dorp, tot by Jonkershoekberg.

3.2.1 **Die bedryfsgebied van die Vereniging is in die volgende subgebiede ingedeel:**

Stellenbosch Subdistrik 1. **Die bedryfsgebied van die huidige Stellenbosch Besproeiingsraad, synde die gebied wat aan die suide-kant begrens word deur die Laer Eersterivier besproeiingsdistrik, aan die suidooste-kant deur Stellenbosch-dorp, aan die westekant deur Kraaifontein-dorp en aan die noorde-kant tot 'n gebied oorkant die N1-nasionale pad. Die area en ligging van hierdie subgebied word aangedui op die kaart hierby aangeheg, gemerk "A1".**

Helderberg Subdistrik 2. **Die bedryfsgebied van die huidige Helderberg Besproeiingsraad, geleë tussen Somerset-Wes en Stellenbosch wat aan die oostekant begrens word deur die gebied van die Helderberg- en Stellenbosch berge en strek in die westelike rigting tot naby die Eersterivier.**
Die area en ligging van hierdie subgebied word aangedui op die kaart hierby aangeheg, gemerk "A1".

Eersterivier Subdistrik 3. **Die bedryfsgebied begin stroomop in die opvanggebied van die Kleinplasiedam en sluit in alle eiendomme langs beide oewers van die Eersterivier wat water vanuit die Eersterivier of die kanaal van die watergebruikersvereniging onttrek, asook die bedryfsgebied van die huidige Laer Eersterivier Besproeiingsraad wat strek oor**

‘n area ten Noorde en Suide van die Eersterivier, beginnende by die punt van samevloei van die Plankenburg- en Eersteriviere, stroomaf tot by die N2 Nasionale Pad.
Die area en ligging van hierdie subgebied word aangedui op die kaart hierby aangeheg, gemerk “A1”.

4 DIE HOOFWERKSAAMHEDE VAN DIE VERENIGING

Die hoofwerksaamhede wat deur die Vereniging binne sy bedryfsgebied uitgeoefen staan te word, is:

4.1 Om die verspilling van water uit enige waterhulpbron en waterwerk te voorkom.

4.2 Om waterhulpbronne en waterwerke te beskerm.

4.3 Om die onwettige gebruik van water te voorkom.

4.4 Om enige versperring wat wederregtelik in ‘n waterloop of waterwerk aangebring is, te verwyder of te laat verwyder.

4.5 Om enige wederregtelike handeling te verhoed wat waarskynlik die gehalte van water in ‘n waterhulpbron of waterwerke sal verlaag.

4.6 Om algemene toesig oor waterhulpbronne en waterwerke uit te oefen.

4.7 Om die vloei van ‘n waterloop of die vloei van water in die waterwerke te reguleer deur:—

(a) die kanaal daarvan skoon te maak;
(b) die risiko van skade aan grond in die geval van vloede te verminder; en
(c) ‘n waterloop, indien die loop daarvan as gevolg van natuurlike oorsake verander het, na sy vorige loop terug te keer.

4.8 Om ondersoek te doen en aantekeninge te hou van:

(a) die hoeveelheid water wat op verskillende vloeivlakke in die waterloop en/of waterwerke is;

(b) die tye wanneer; en

(c) die plekke waar water gebruik mag word deur persone wat geregtig is om water uit die waterhulpbronne en/of waterwerke te gebruik.

4.9 Om waterwerke te bou, aan te koop, of op ‘n ander wyse te verkry, te beheer, te bedryf en in stand te hou wat nodig geag word vir:

(a) die dreinering van grond; en

(b) die voorsiening van water aan grond vir besproeiing en ander doeleindes.

4.10 Om die voorsiening van water uit ‘n waterwerk en/of bron onder die Vereniging se beheer te staak of te verminder sover dit nodig geag word vir die uitvoering van sy werksaamhede of vir enige ander rede wat nodig mag wees vir die behoorlike bedryf en beskerming van die waterwerke en/of bron.

4.11 Om oor die verspreiding en gebruik van water vanuit 'n waterhulpbron en waterwerke toesig te hou en te reguleer ooreenkomstig die tersaaklike watergebruikaansprake, deur die oprigting en instandhouding van toestelle, of deur lede te verplig om op hul koste sodanige toestelle op te rig en instand te hou:-

(a) vir meting en toewysing; of

(b) wat die uitkering van die waterstroom beheer.

4.12 **Om namens sy lede enige registrasie van hulle gebruiksregte op water wat kragtens die Wet vereis mag word, te behartig.**

5 BYKOMSTIGE WERKSAAMHEDE VAN DIE VERENIGING

5.1 Die Vereniging kan ander werksaamhede as sy hoofwerksaamhede verrig slegs indien dit waarskynlik nie:—

(a) die Vereniging se vermoë om sy werksaamhede te verrig sal beperk nie; en

(b) tot finansiële nadeel van die Vereniging of sy lede sal strek nie.

5.2 Ander werksaamhede van die Vereniging kan insluit:—

(a) Die verskaffing van bestuursdienste, opleiding en ander ondersteuningsdienste aan:

- Waterdienste-instellings, en
- Landelike gemeenskappe.

(b) Die verskaffing van opvanggebiedbestuursdienste aan of namens die verantwoordelike gesag.

GEDELEGEERDE MAGTE

5.3 **Die hoofwerksaamhede en bykomstige werksaamhede van die Vereniging soos omskryf in items 4 en 5, word aan die Subkomitee van elke subgebied toegeken.**

5.4 **Die Bestuurskomitee van die Vereniging delegeer ook aan die Subkomitees van elke subgebied die nodige bevoegdhede, magte, pligte en funksies om:**

5.4.1 Die waterwerke binne die subgebied te bedryf, te herstel, in stand te hou te vervang soos nodig.

5.4.2 Die nodige begrotings op te stel vir die take en funksies soos genoem in voorafgaande item 1.

5.4.3 Om beheer uit te oefen oor die administrasie en besteding van ‘n goedgekeurde begroting insluitende om uitvoering te gee aan die verantwoordingsproses soos vereis in item 32 van Skedule 4 van die Wet.

5.5 **Die uitvoering van sodanige werksaamhede en pligte as wat ingevolge die Wet aan die Vereniging opgedra of gedelegeer word.**

6 STIGTERSLEDE

6.1 **Die Stigterslede van die Vereniging is, soos uiteengesit in Aanhangsel 2 van hierdie Grondwet, van die huidige verkose Raadslede van die Stellenbosch-, Helderberg- en Laer Eersterivier Besproeiingsrade wat ingevolge Artikel 98(4) van die Wet oorgeskakel staan te word na 'n Watergebruikersvereniging en wat deur die lede van die gemelde Rade gemagtig is om namens hulle op te tree by die omskepping van die gemelde Rade na 'n Vereniging.**

6.2 Die stigterslede sal, vir doeleindes van die eerste verkiesing van die lede van die Bestuurskomitee geag word die Bestuurskomitee van die Vereniging te wees, met die bevoegdhede en pligte beperk tot die reël van ‘n verkiesing ingevolge hierdie grondwet.

7 LIDMAATSKAP VAN DIE VERENIGING

7.1 Enige persoon wat ingevolge die bepalings artikel 22(1) van die Wet, uitsluitende subartikel (l)(a)(i), beskik oor ‘n watergebruiksreg op water wat aan hom/haar voorsien word uit waterwerke en/of waterbronne onder die Vereniging se beheer, mag ‘n lid van die Vereniging word.

7.2 Die eerste lede van die Vereniging, wie se name in aanhangsel 3 van hierdie grondwet voorkom, is:

(a) die huidige lede van die **Stellenbosch-, Helderberg- en Laer Eersterivier** besproeiingsrade wie almal outomaties lede van die Vereniging is; en

(b) enige ander persone binne die Vereniging se bedryfsgebied wat oor ‘n bestaande wettige gebruiksreg tot water beskik en wie skriftelik by die Bestuurskomitee aansoek om lidmaatskap van die Vereniging gedoen het en wie se aansoeke goedgekeur is.

7.3 Aansoek om nuwe lidmaatskap van die Vereniging moet aan die Bestuurskomitee gerig word, wat tydens ‘n vergadering van die Komitee, ‘n aansoek moet oorweeg en toestaan, tensy daar goeie rede bestaan om dit af te wys.

7.4 Die Vereniging moet ‘n persoon toelaat om ‘n lid van die Vereniging te word indien aldus deur die Minister gelas word.

7.5 ‘n Lid kan slegs as lid van die Vereniging met goedkeuring van die Bestuurskomitee bedank, welke Komitee nie sodanige goedkeuring onredelik mag weerhou nie.

7.6 Lidmaatskap van die Vereniging word beëindig indien ‘n lid se gebruiksreg op water verval.

7.7 **Die beëindiging van ‘n lid se lidmaatskap tot die Vereniging beëindig nie outomaties sy aanspreeklikheid om enige agterstallige vorderings betaalbaar aan die Vereniging of enige deel van kapitaal, lenings en ander kostes ten opsigte van die Vereniging se infrastruktuur wat aan die lid toegedeel is voor of op die datum waarop sy lidmaatskap beëindig word, te betaal nie. Die betrokke verpligtinge sal eers ten einde kom indien die betrokke lid sy verpligtinge teenoor die Vereniging ten volle nagekom het of alternatiewelik voldoende sekuriteit, tot bevrediging van die Bestuursraad, verskaf het dat sy verpligtinge nagekom sal word.**

7.8 **Vorderings wat deur die Vereniging gehef ten opsigte van water wat gebruik word, en rente wat daarop betaalbaar is, is ‘n las op die grond ten opsigte waarvan dit gehef is, en ‘n persoon wat die eienaar word van daardie grond is, is aanspreeklik vir sodanige vorderings wat op die tydstip waarop hy eienaar word, nie betaal is nie, en vir enige rente wat daarop betaalbaar mag wees, of daarna mag word.**

7.9 **Die lid wat enige van sy gebruiksregte op water op enige wyse wil oordra of opsê, moet die Bestuursraad skriftelik daarvan in kennis**

stel en die Bestuursraad se skriftelik aanbeveling vir goedkeuring van sodanige oordrag op opsegging verkry en sodanige aanbeveling aan die Verantwoordelike gesag voorlê by die aansoek om goedkeuring van die oordrag of opsegging van die betrokke regte.

7.10 **Die opvolgers in reg en titel van die gebruiksreg op water van lede van die Vereniging sal ook outomaties lede van die Vereniging wees.**

8 REGISTER VAN LEDE

Alle lede moet hul adresse van tyd tot tyd aan die persoon wat as sekretaris van die Vereniging optree, en wat ‘n register van name van lede moet hou, deurgee.

9 REGTE VAN LEDE

9.1 Lidmaatskap van die Vereniging gee nie aan enige lid reg op gelde,eiendom of bates van die Vereniging nie, maar gee slegs aan lede die voordele van lidmaatskap, onderhewig aan die vorderings en redelike beperkings wat van tyd tot tyd deur die Bestuurskomitee opgelê word.

9.2 'n Lid van die Vereniging is gebonde aan die grondwet en reëls van die Vereniging wat dan van krag is of soos dit daarna gewysig word.

10 AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE EN SERWITUUTVERPLIGTINGE

10.1 Die finansiële aanspreeklikheid van die lede is beperk tot die bedrag van uitstaande vorderings en rente daarop wat deur hulle aan die Vereniging verskuldig is, maar met inagneming van die bepalings van artikel 60 van die Wet met betrekking tot verskuldigde vorderings ten opsigte van die grond.

10.2 Waar enige waterwerk van die Vereniging oorskry op, of die eiendom van enige lid kruis, sal die Vereniging alle serwituutregte geniet wat nodig is vir die behoorlike uitoefening van die Vereniging se funksies en sal die bepalings van die Wet en meer in besonder artikels 126, 127 en 128 daarvan geld.

11 KWALIFIKASIE VAN KANDIDATE VIR BESTUURSKOMITEE

Enige lid van die Vereniging is, behoudens diskwalifikasies beoog in Bylae 4 tot die Wet, **en indien hy nie meer as eenhonderd en tagtig (180) dae agterstallig is met gelde (insluitende rente) wat hy aan die Vereniging** verskuldig is nie, bevoeg om as lid van die Bestuurskomitee verkies te word. ‘n Lid is slegs bevoeg om verkies te word as lid van die Bestuurskomitee vir die subgebied of belangegroep **waar daardie lid woonagtig is of waarbinne die watergebruiksreg uitgeoefen word.**

12 NOMINASIE EN STEMMING VIR LEDE VAN BESTUURSKOMITEE

Elke persoon wie se naam op ‘n kieserslys van die Vereniging voorkom, **en wat nie meer as eenhonderd en tagtig (180) dae agterstallig is met gelde (rente Ingesluit) wat hy aan die Vereniging verskuldig is nie**, is geregtig om kandidate vir die verkiesing as lede van die Bestuurskomitee te nomineer en by ‘n verkiesing van die lede van die Bestuurskomitee te stem. ‘n Persoon wie se naam op die kieserslys voorkom wat ten opsigte van ‘n subgebied of belangegroep van die Vereniging voorberei is, sal alleen geregtig wees om kandidate te nomineer en in verkiesing van lede vir daardie subgebied of belangegroep te stem.

13 LIDMAATSKAP VAN BESTUURSKOMITEE

13.1 Die Bestuurskomitee vir die bedryfsgebied van die Vereniging as geheel sal bestaan uit 24 lede wat soos volg saamgestel sal word:

a.	**Stellenbosch Subdistrik 1**	**5**
b.	**Helderberg Subdistrik 2**	**5**
c.	**Eersterivier Subdistrik 3**	**4**
d.	**Natuurbewaring**	**1**
e.	**Elsenburg (Landbou)**	**1**
f.	**Munisipaliteit**	**1**
g.	**Nywerhede**	**1**
h.	**Individuele Gebruikers**	**3**
i.	**Kleinboere**	**3**
		24

(13.1.1) Vyf persone wat deur lede wie se name op die kieserslys van Stellenbosch subdistrik 1 verskyn, verkies word.

(13.1.2) Vyf persone wat deur lede wie se name op die kieserslys van Helderberg subdistrik 2 verskyn, verkies word.

(13.1.3) Vier persone wat deur lede wie se name op die kieserslys van Eersterivier subdistrik 3 verskyn, verkies word.

(13.1.4) Een persoon benoem deur Natuurbewaring wat 'n belang het in die gebruik van water uit die waterbronne en/of werke onder beheer van die Vereniging.

(13.1.5) Een persoon benoem deur Elsenburg (Landbou) wat 'n belang het in die gebruik van water uit die waterbronne en/of werke onder beheer van die Vereniging.

(13.1.6) Een persoon benoem deur die Munisipaliteit van Stellenbosch wat belang het in die gebruik van water uit

die waterbronne en of werke onder beheer van die Vereniging.

(13.1.7) Een persoon benoem deur die <u>Nywerhede</u> wat 'n belang het in die gebruik van water uit die waterbronne en/of werke onder beheer van die Vereniging.

(13.1.8) Drie persone benoem deur <u>Individuele gebruikers</u> van water wat nie lid van die Vereniging in terme van item 7 van die Grondwet is nie, maar wat 'n belang in die watervoorsiening van die Vereniging het.

(13.1.9) Drie persone benoem deur <u>klein beginnerboere</u> wat 'n belang het of 'n wesenlike vooruitsig het om in die voorsienbare toekoms 'n belang te verkry in die water wat deur die Vereniging voorsien word. Met die term "Klein beginnerboer" in hierdie item word bedoel 'n persoon:

(a) wat afkomstig is uit voorheen benadeelde gemeenskappe en

(b) wat op klein skaal met die water boer of sal boer.

13.2 **13.2.1 Die benoemings kragtens 13.1.10 geskied slegs indien en wanneer daardie belangegroepe van persone bestaan.**

13.2.2 Die benoemings waarna verwys word in items 13.1.5 tot 13.1.10 kan voorafgegaan word deur 'n interne verkiesing indien die belangegroep dit so verkies.

13.3 13.3.1 Die verkose lede van die Bestuurskomites word, behoudens die diskwalifikasies in item 11 van die grondwet vir 'n vaste termyn van drie jaar verkies, met dien verstande dat met die eerste verkiesing van lede van die Bestuurskomitee die termyne van die lede soos volg sal wees:

(a) een derde van die lede ten gunste van wie die meeste stemme aantal uitgebring is, beklee hul amp vir 'n termyn van drie jaar;

(b) een derde van die lede ten gunste van wie die volgende meeste aantal stemme uitgebring is, beklee hul amp vir ‘n termyn van twee jaar; en

(c) die balans van die lede beklee hul amp vir ‘n termyn van een jaar.

13.4 Benoemde lede beklee hul amp vir ‘n tydperk van 1 jaar onderhewig aan nominasie vir ‘n verdere tydperk van 1 jaar elk beperk tot ‘n maksimum van 3 agtereenvolgende tydperke.

13.5 Indien ‘n vakature in die Bestuurskomitee ontstaan, word dit ooreenkomstig hierdie item gevul, met dien verstande dat die lid verkies of benoem word vir ‘n tydperk gelykstaande aan die oorblywende tydperk waarvoor die lid wat die amp ontruim het, nog in die amp sou dien.

13.6 Ten minste **30** dae kennis van die verkiesing van daardie subgebied of Belangegroep moet aan al die lede van daardie subgebied of belangegroep van die Vereniging gegee word.

13.7 **Met enige verkiesing van persone om op die bestuurskomitees te dien, moet ‘n lid in die subgebied waarin hy stemgeregtig is vir soveel kandidate stem as wat daar vakatures is en kan ‘n persoon of in persoon sy stem uitbring, of kan hy aan ‘n persoon wat kragtens item 12 van die Grondwet geregtig is om te stem, volmag verleen om namens hom te stem. Die dokument waardeur ‘n gevolmagtigde aangestel word, word in die vorm wat die Bestuuskomitee voorskryf, opgestel en sal die Bestuurskomitee na goeddunke verdere reels kan neerle ten opsigte van prosedure wat gevolg moet word met stemming deur ‘n gevolmagtigde en die aantal volmagte wat ‘n persoon mag hou.**

13.8 Indien met enige verkiesing van lede van die Bestuurskomitees

13.8.1 **twee of meer kandidate ‘n gelyke aantal stemme ontvang het, sal die verkose lid deur loting onder toesig van die kiesbeamte aangewys word;**

13.8.2 **geen stemming nodig is nie omdat nie meer nominasies ontvang is as die aantal lede wat verkies moet word nie sal die onderskeie ampstermyne van die betrokke lede deur loting onder toesig van die kiesbeampte bepaal word.**

13.9 Indien meer persone in ‘n belangegroep benoem as wat daar vakatures vir daardie belangegroep op die Bestuurskomitee is wat deur benoeming gevul moet word, sal die benoemde lid aangewys word deur loting onder toesig van die kiesbeampte of in sy afwesigheid onder die toesig van die hoof-uitvoerende beampte.

13.10 Die Vereniging onderskryf die vereiste uiteengesit in Artikel 2 van die Wet met betrekkiing tot die versekering van toepaslike gemeenskaps-, rasse- en geslagsverteenwoordiging en verbind homself tot die bevordering van die implementering daarvan tot die mate wat die Vereniging instaat si om dit te doen.

13.11 Sou die samestelling van die Bestuurskomitees bedoel in item 13.1 na ‘n verkiesing en benoemingsproses tot gevolg hê dat daar geen verteenwoordiging vir ‘n bepaalde gemeenskap, ras en/of geslag op die Komitee is nie, moet die Voorsitter van daardie Komitee alle lede versoek om binne **14** dae na kennisgewing persone van daardie gemeenskap, ras en/of geslag wat daartoe ingestem het en wat nie lede van die Vereniging of watergebruikers hoef te wees nie, te nomineer om op die betrokke Bestuurskomitee te dien met dien verstande dat hulle ‘n belang in die waterverbruik in die bedryfsgebied moet hê. Die Voorsitter moet na verstryking van die nominasietydperk deur loting een van die bemoemdes uit elke belangegroep vir ‘n tydperk van een jaar as lid van die Komitee aanwys.

13.12 **Alle lede van die Bestuurskomitee sal ten volle kan deelneem aan besluite oor waterbestuursaangeleenthede en die finansiering daarvan. Slegs lede wat ‘n belang het in bepaalde waterwerke, sal kan deelneem en stem oor die besluite rakende daardie bepaalde waterwerke. Die Voorsitter vand ie Bestuurskomitee sal beslis of ‘n lid stemgeregtig oor ‘n bepaalde aangeleentheid is al dan nie.**

14 AANSTELLING VAN VOORSITTER EN ONDERVOORSITTER

14.1 Na die verkiesing van die Bestuurskomitee moet **die verkose Bestuurslede** van die Vereniging ‘n voorsitter en ondervoorsitter verkies uit die geledere van die Bestuurskomitee. **Die lede van die Bestuurskomitee** kan enige persoon aanwys om by sodanige verrigtinge voor te sit.

14.2 Die voorsitter en ondervoorsitter beklee hul ampte vir ‘n tydperk van twaalf (12) maande vanaf die datum van hul verkiesing en is herkiesbaar.

14.3 Wanneer die ampstermyn van ‘n voorsitter of ondervoorsitter verstryk, sal daardie persoon sy amp as voorsitter of ondervoorsitter beklee tot die daaropvolgende vergadering van die Bestuurskomitee, met dien verstande dat hy steeds ‘n lid van die Vereniging is.

14.4 ‘n Nuwe voorsitter en ‘n nuwe ondervoorsitter van die Bestuurskomitee sal jaarliks verkies word. Indien enige van hierdie ampte ontruim word, voordat die termyn verstryk, moet die amp onmiddelik, ooreenkomstig die prosedure in hierdie item uiteengesit, gevul word.

14.5 **Ten minste twee derdes van die lede van die Bestuurskomitee moet teenwoordig wees met so ‘n verkiesing.**

15 KIESERSLYS

15.1 Die stigterslede van die Vereniging moet ‘n persoon verkies om die kieserslys op te stel vir die eerste verkiesing van die lede van die Bestuurskomitee. Die kieserslys moet aantoon:

(a) die name van al die lede wat in Aanhangsel 3 van hierdie grondwet ingesluit is en waar van toespassing, die naam van ‘n lid se gemagtigde verteenwoordiger;
(b) besonderhede van elke lid se gebruiksregte op water; en
(c) die aantal stemme waarop ‘n lid geregtig is.

15.2 **Die kieserslys word in subgebiede ingedeel en die besonderhede bedoel in item 15.1 word onder die onderskeie subgebiede aangetoon.**

15.3 Die aantal stemme sal op die volgende grondslag bepaal word:

Een stem vir elke **vyf hektaar** of gedeelte daarvan ingelys wat kragtens ‘n lid se gebruiksreg besproei word met dien verstande dat aan geen lid meer as tien stemme toegeken word nie;

15.4 Indien die gebruiksreg op water nie in die naam van ‘n natuurlike persoon is nie, moet die houer ‘n gemagtigde verteenwoordiger nomineer wie se naam op die kieserslys moet verskyn en wat ‘n stem kan uitbring.

15.5 Indien die gebruiksreg in twee of meer persone se name gehou word, moet hulle een van hulle benoem om hulle te verteenwoordig en daardie persoon se naam moet op die kieserslys verskyn en alleenlik die persoon kan die stem uitbring.

15.6 Die kierserslys moet jaarliks deur die Bestuurskomitee hersien word en ook wanneer daar ‘n wysiging van die Vereniging se bedryfsgebied plaasvind.

16 AANSTELLING VAN WERKNEMERS

16.1 Die Bestuurskomitee kan sodanige persone in diens neem as wat dit nodig ag vir die verrigtinge van die Vereniging se werksaamhede kragtens hierdie grondwet.

16.2 Die aanstelling van werknemers of enige verandering in hul diensvoorwaardes moet deur die Bestuurskomitee by wyse van resolusie goedgekeur word.

16.3 Alle werknemers van die Vereniging bly in hul ampte aan ongeag enige verandering in die samestelling en lidmaatskap van die Bestuurskomitee.

17 AANGAAN VAN LENINGS

17.1 Die Bestuurskomitee kan enige fondse bekom deur lenings, met inbegrip van oortrokke fasiliteite by banke, wat deur die Bestuurskomitee benodig word ten einde enige van sy werksaamhede kragtens hierdie grondwet of die Wet uit te voer.

17.2 Wanneer die Bestuurskomitee beoog om ‘n lening aan te gaan, moet daar skriftelik van hierdie voorneme kennis gegee word, en alle besonderhede van die voorstel uiteengesit word. Die kennisgewing moet aan elke lid van die Vereniging gegee word nie minder nie as een en twintig (21) dae voor die datum van die vergadering van die Komitee, waarop die voorstel oorweeg sal word.

17.3 Geen lening mag aangegaan word sonder ‘n resolusie van die Bestuurskomitee wat aanvaar is by ‘n vergadering waarby nie minder as twee derdes van die lede van die Bestuurskomitee teenwoordig was nie.

18 VORDERING EN DIE INVORDERING VAN VORDERINGS

18.1 Ter bestryding van uitgawes wat die Bestuurskomitee wettiglik aangegaan het, of wettiglik kan aangaan in die verrigting van sy werksaamhede en pligte, kan die Bestuurskomitee jaarliks vorderings

hef op lede ooreenkomstig die prysstrategie vir watergebruik, soos deur die Minister bepaal. Die heffing moet in aanmerking neem die begroting wat die Bestuurskomitee van enige subdistrik opgestel het vir die finansiering van die bedryfs-, onderhouds- en verbeteringsuitgawes ten opsigte van waterwerke onder die bestuur en beheer van daardie komitee **en sal die heffing dienooreenkomstig op 'n differensiële basis geskied.**

18.2 Die Bestuurskomitee kan die vorderings wat gehef is invorder van of:

(a) die eienaar van die betrokke grond; of

(b) enige persoon aan wie die water op die grond voorsien word.

18.3 Wanneer die Bestuurskomitee ‘n vordering gehef het, moet die Komitee ‘n vorderingslys opstel waarin die volgende uiteengesit word:

(a) die naam van elke persoon wat vir die betaling van vorderings aanspreeklik is;

(b) die beskrywing van die stuk grond **of eiendom**, wat ‘n spesiaal afgebakende gebied kan wees ten opsigte waarvan die vordering gehef word;

(c) die hoeveelheid water of onttrekkingstydperk waarop die lid geregtig is;

(d) die bedrag van die vorderings wat gehef word;

(e) die datum of datums waarop betaling verskuldig is en die bedrag wat op elke datum verskuldig is; en

(f) die rentekoers wat betaalbaar is op nie-betalings en die effektiewe datum waarvandaan rente betaalbaar is.

18.4 'n Afskrif van die vorderingslys moet te alle redelike tye in die kantoor van die Vereniging vir insae deur enige belanghebbende beskikbaar wees.

18.5 Indien enige vorderings of gelde (insluitende rente) wat aan die Vereniging verskuldig is, na behoorlike kennisgewing meer as 90 dae agterstallig is, kan die Vereniging benewens die magte aan hom toegeken kragtens Artikel 59(3) van die Wet, sonder enige verdere

kennisgewing aan die skuldenaar, die verskuldigde bedrag vorder deur dagvaardiging uit te reik in ‘n landdroshof wat dan jurisdiksie sal hê ongeag die grootte van die bedrag verskuldig en sal die skuldenaar aanspreeklik wees vir alle invorderings- en regskoste insluitende prokureur- en kliëntekoste.

19 JAARVERSLAG

Die Bestuurskomitee moet binne ses (6) maande na die einde van die Vereniging se boekjaar, ‘n algemene vergadering van alle lede belê en op hierdie vergadering:

(a) ‘n geouditeurde finansiële staat van die Vereniging se rekeninge vir die afgelope boekjaar, met inbegrip van volledige besonderhede van enige besoldiging deur die Vereniging betaal aan lede van die Vereniging en werknemers van die Vereniging, ter tafel lê; en

(b) ‘n uiteensetting aan sy lede gee van al sy bedrywighede gedurende die jaar.

20 LIKWIDASIE

20.1 Die Vereniging kan ontbind word deur die aanvaarding van ‘n resolusie by ‘n spesiale algemene vergadering spesifiek vir hierdie doel gehou met dien verstande dat:

(a) die resolusie aanvaar is deur ‘n twee-derde meerderheid van die lede teenwoordig en wat geregtig is om te stem; en

(b) die resolusie bevestig is by ‘n verdere spesiale algemene vergadering, wat nie minder as dertig (30) dae na die vorige spesiale vergadering gehou is nie, deur die meerderheid van die stemgeregtigde lede **teenwoordig.**

20.2 ‘n Vergadering wat ‘n resolusie bedoel in sub-item (1)(a) van hierdie item aanvaar, kan ook besluite deur meerderheidstem aanvaar vir -

(a) die aanstelling van ‘n likwidateur; en

(b) die beskikking oor surplus fondse en bates van die Vereniging na die likwidasie en na betaling van alle skulde en verpligtinge van die Vereniging, met dien verstande dat enige surplus bates alleenlik aan ‘n Vereniging of instelling met soortgelyke doelstellings as die van die Vereniging, of aan die Minister, oorgedra kan word.

21 WYSIGING VAN GRONDWET

Hierdie grondwet kan deur die lede van die Vereniging met goedkeuring van die Minister gewysig word, indien:

(a) ‘n spesiale vergadering van lede wat vir die doel belê is deur middel van ‘n hoofdelike stemming ten gunste van sodanige wysiging stem met dien verstande dat die getal lede wat ten gunste van die wysiging stem ten minste twee derdes is van die getal lede wat op die vergadering teenwoordig is en ten minste 50% is van die totale getal lede volgens die jongste kieserslys van die Vereniging;

(b) die kennisgewing aan lede woordeliks die voorgestelde wysiging vervat en ten minste 21 dae voor die datum van die vergadering aan lede gepos is; en

(c) alleenlik amendemente op die voorgestelde wysiging waarvan skriftelike kennisgewing gegee is, op sodanige vergadering behandel en oor gestem is.

Aanhangsels tot Grondwet

Aanhangsel 1	Plan wat Bedryfsgebied aandui
Aahangsel 2	Lys van Stigterslede van die Vereniging
Aanhangsel 3	Lys van subdistrikte met eerse lede van die Vereniging
Aanhangsel 4	Bylae 4
Aanhangsel 5	Afskrif oor Publieke Deelneming
Aanhangsel 6	English Constitution